



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

TOERISME

GRAAD 12

HERSIENINGSVRAE

KWARTAAL 2

ONDERWERP: BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen-
vraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 20 bladsye.


ONDERWERP: BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

NOV 2014 NSS
VRAAG 3

3.1 Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
Verenigde Koninkryk	GBP	15.79	16.53
Europese lande	EUR	13.27	13.88
Japan	JPY	0.10	0.11

- 3.1.1 Noem die amptelike geldeenheid wat deur 18 Europese lande gebruik word. (1)
- 3.1.2 Vanuit 'n toerisme-oogpunt, noem EEN voordeel van die gebruik van die enkele geldeenheid wat in VRAAG 3.1.1 genoem is. (2)
- 3.2 Die koste van brandstofinname van 'n privaat huurvliegtuig word op die brandstofpomp hieronder getoon. (Verwys na die wisselkoerstabel in VRAAG 3.1 om die vrae te beantwoord.)



- 'n Britse toeris in Suid-Afrika het 300 pond. Hy verruil sy pond vir rand.
Bereken die bedrag in rand wat hy oor het nadat hy vir die brandstof betaal het.
Toon ALLE berekeninge. (4)
- 3.3 'n Suid-Afrikaanse besigheidstoeris besoek Japan en het R5 000 om te spandeer.
Bereken die bedrag wat hy in jen sal ontvang deur na die inligting in die wisselkoerstabel in VRAAG 3.1 te verwys. Toon ALLE berekeninge. (3)

3.4 Bespreek die konsepte van buitelandse valuta wat met toerisme verband hou in 'n paragraaf.

Sluit die volgende aspekte by jou paragraaf in:

- Toeriste se behoefte aan ander geldeenhede (2)
- Wisselkoerse (2)
- Veranderings in waarde (2)
- Die invloed van 'n swak rand op inkomende en uitgaande toerisme (4)
- Voorafgelaaiete buitelandsevaluta-debietkaarte as die voorkeurbetalingsmetode (2)

**NOV 2015 NSS
VRAAG 3**

Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Rond jou antwoorde tot TWEE desimale plekke af.

LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
Verenigde Koninkryk	GBP	15.66	16.39
Peru	PEN – Peruaanse nuevo sol	3.90	3.55

BESKIKBARE TOERE:	
LED-TOER	Peru: 7 nagte vanaf £1 560 p.p.

- 3.1 Bereken die bedrag in rand wat 'n Suid-Afrikaner vir EEN persoon vir die toer hierbo sal betaal. (3)
- 3.2 'n Suid-Afrikaanse toeris het R250,00 kontant om vir 'n handsak te betaal.
Bereken die bedrag in PEN wat die toeris vir die handsak sal betaal. (3)
- 3.3 Verduidelik die verskil tussen die koopkrag van 'n Suid-Afrikaanse toeris in Peru en sy/haar koopkrag in die Verenigde Koninkryk. (4)

NOV 2016 NSS
VRAAG 3

3.1 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Suid-Afrikaner het in 2015 en in 2016 die Verenigde Koninkryk besoek. Hy het op albei reise vis en skyfies vanaf die spyskaart hieronder bestel.

Vis & Skyfies	
DIE BESTE VANGS IN DIE OMGEWING	
SPYSKAART	
Vis & Skyfies	£6.50
Wors met 'n deeg & Skyfies	£4.00
Vleispastei & Skyfies	£5.50

Vergelyk die waarde van die rand op albei reise in die tabel hieronder.

2015	2016
£1 = R22,55	£1 = R24,69

3.1.1 Bereken die koste van die vis en skyfies in ZAR:

LET WEL: Toon ALLE berekeninge. Rond die antwoord tot TWEE desimale plekke af.

(a) In 2015 (2)

(b) In 2016 (2)

3.1.2 Noem die jaar waarin die toeris die beste waarde vir sy rand gekry het. (2)

3.2 Bestudeer die valutatabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
VSA	USD	10,20	10,90

LET WEL: Toon ALLE bewerkings. Rond die antwoord tot TWEE desimale plekke af.

3.2.1 Mnr. Small, 'n Amerikaanse toeris, arriveer in Suid-Afrika met USD12 600,00.

Bereken hoeveel hy in rand sal ontvang wanneer hy sy buitelandse valuta by 'n buitelandsevaluta-verhandelingskantoor wissel. (4)

- 3.2.2 Mnr. Small wil sy oorblywende rande omruil voordat hy Suid-Afrika verlaat. Hy gaan na 'n buitelandsevaluta-verhandelingskantoor om R2 750 vir VS-dollar te wissel.

Bereken die bedrag wat hy in VS-dollar sal ontvang. (4)

**NOV 2017 NSS
VRAAG 3**

- 3.1 Bestudeer die inligting en die forex-tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Mev. Biggs, wat in Suid-Afrika woon, het na die VSA gereis. Haar seun het R600,00 tot haar sakgeld bygedrag, wat sy op OR Tambo Internasionale Lughawe vir USD omgeruil het voordat sy Suid-Afrika verlaat het.

Met haar terugkeer na Suid-Afrika het mev. Biggs VS\$219,99 van al haar sakgeld oorgehad.

RAND/VS-DOLLAR-WISSELKOERSTABEL			
LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
VSA	USD	13.25	13.57

- 3.1.1 (a) Bereken die bedrag in USD wat mev. Biggs ontvang het toe sy die R600,00 omgeruil het.

LET WEL: Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon AL die stappe van jou berekening. (4)

- (b) Bereken die bedrag in rand wat mev. Biggs ontvang het toe sy die VS\$219,99 in Suid-Afrika omgeruil het.

LET WEL: Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. Toon AL die stappe van jou berekening. (4)

- 3.2 Verwys na die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VERNAAMSTE GELDEENHEDE TUIMEL

Europa, wat die Verenigde Koninkryk insluit, het 'n daling in die waarde van hulle geldeenhede gehad. Sommige ekonome het Brexit* daarvoor geblameer, terwyl ander die skuld op die toestroming van vlugtelinge na Europa geplaas het. Die daling in die waarde van die vernaamste geldeenhede kan 'n negatiewe en positiewe invloed op Suid-Afrikaners hê wat na hierdie lande reis.

* Brittanje se onttrekking uit die Europese Unie

- 3.2.1 Noem die TWEE buitelandse geldeenhede waarna in die uittreksel hierbo verwys word. (2)

- 3.2.2 Bespreek, in 'n paragraaf, DRIE maniere waarop 'n daling in die wisselkoers van die geldeenhede wat in VRAAG 3.2.1 genoem is, 'n positiewe invloed sal hê op Suid-Afrikaners wat Europa besoek. (6)

NOV 2018 NSS
VRAAG 3

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

WISSELKOERSTABEL		
SUID-AFRIKAANSE RAND TEENoor GELDEENHEDE VAN DIE WêRELD		
BUITELANDSE VALUTA		
16 November 2017		
	Ons verkoop	Ons koop
GELDEENHEID	BSR	BBR
Euro	16.85	16.81
Australiese dollar	10.87	10.84
Kanadese dollar	11.22	11.19
Amerikaanse dollar	14.11	14.07
Tsjeggiese kroon	0.66	0.63
Bulgaarse lev	8.61	8.58
Turkse lira	3.69	3.65
Egiptiese pond	0.81	0.77

- 3.1 Verwys na die wisselkoerstabel hierbo en identifiseer die sterkste geldeenheid. (1)
- 3.2 3.2.1 Gee EEN rede waarom die bankverkoopkoers van die geldeenhede in die tabel hoër as die bankaankoopkoers is. (2)
- 3.2.2 In die tabel hierbo, identifiseer die TWEE lande waar Suid-Afrikaners die beste waarde vir hulle geld sal kry. (2)
- 3.3 Me. Nobuhle Maliti woon in Suid-Afrika en wil die Verenigde State van Amerika (VSA) besoek. Sy het R58 000,00 vir die reis.
- Haar retoervliegkaartjie sal R26 000,00 kos, die VSA-visum en reis-versekering sal R3 800,00 beloop en die toerpakket vir die VSA R23 100.
- 3.3.1 Bereken, in rand, die totale koste van me. Maliti se reis na die VSA. (2)
- 3.3.2 Sal me. Nobuhle Maliti genoeg geld vir die reis hê?
Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

3.3.3 Me. Maliti ruil R58 000 vir USD by die OR Tambo Internasionale Lughawe om.

Gebruik die wisselkoerstabel hierbo en bereken die bedrag VS-dollar wat sy ontvang het toe sy R58 000 omgeruil het. (3)

3.3.4 Met haar terugkeer na Suid-Afrika het me. Maliti USD150 oorgehad wat sy op die OR Tambo Internasionale Lughawe omgeruil het.

Bereken die bedrag wat sy in rand ontvang het. (3)

3.4 Bestudeer die tydskrifvoorblad hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE INVLOED VAN 'N SWAK RAND	
	<p>'n Swak rand kan beide 'n negatiewe en 'n positiewe invloed op die toerismebedryf en op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê.</p> <p>Die armoede en werkloosheid wat in die prent uitgebeeld word, is 'n dilemma (probleem) waarmee baie Suid-Afrikaners te doen kry. Daar kan nie toegelaat word dat hierdie toestand voortduur nie.</p> <p>[Aangepas uit www.financialmail.com]</p>

Verwys na die scenario hierbo en skryf 'n paragraaf waarin jy bespreek hoe 'n swak rand kan help om armoede en werkloosheid in Suid-Afrika te verlig.

Jou bespreking moet die volgende insluit:

- Hoe 'n swak rand internasionale besoekers meer koopkrag sal gee (2)
- Hoe die scenario tot die vermenigvuldigereffek sal bydra (2 x 2)

LET WEL: EEN punt sal toegeken word vir die paragraafformaat wat volledige, goed saamgestelde sinne sonder kolpunte ('bullets') of nommers bevat. (1) (7)

FEB-MAART 2015 NSS

VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer die wisselkoerstabel en banknote hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LAND	VALUTAKODE	BBR	BSR
Verenigde Koninkryk	GBP	15.32	16.06
Europese lande	EUR	13.09	13.70
VSA	USD	9.57	9.89



- 3.1.1 Noem die geldeenheid wat op die twee banknote in die foto hierbo uitgebeeld word. (2)
- 3.1.2 'n Suid-Afrikaner keer terug van die land waar die geldeenheid in VRAAG 3.1.1 gebruik word.

Tel die waarde van die twee banknote bymekaar en bereken dan die randwaarde daarvan wanneer die Suid-Afrikaner hierdie ongebruikte buitelandse valuta by die bank terugruil.

Toon ALLE bewerkings en rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. (3)

- 3.1.3 'n Suid-Afrikaner verruil R7 000 voor sy vertrek na New York.

Bereken die bedrag wat hy in VS-dollar sal ontvang.

Toon ALLE bewerkings en rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. (3)

3.2 Bestudeer die wisselkoersgrafiek van die Suid-Afrikaanse rand tot die VS-dollar hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.2.1 Gee die waarde van die rand in verhouding tot die VS-dollar op 8 Oktober 2013. (2)
- 3.2.2 Die lyngrafiek toon daaglikse veranderings in die wisselkoers aan.
Gee die term wat vir hierdie veranderings in die wisselkoers gebruik word. (2)
- 3.2.3 Bepaal die datum en die waarde van die wisselkoers toe:
 - (a) Die rand op sy swakste was (2)
 - (b) Die rand op sy sterkste was (2)
- 3.2.4 Verduidelik TWEE maniere hoe 'n inkomende internasionale toeris wat Suid-Afrika besoek, se reisplanne en begrotings deur 'n verswakkende rand beïnvloed sal word. (4)

FEB-MAART 2016 NSS
VRAAG 3

Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PROJEK BLOODHOUND



[Bron: www.bloodhoundssc.com]

Die Bloodhound-span (wat hoop om die wêreld-landspoedrekord te verbeter) het wêreldwyd gesoek na die perfekte woestyn om die vinnigste motor op aarde, die Bloodhound SSK, wat in Brittanje gebou is, te toets. Na 'n intensiewe soektog is besluit op Hakskeenpan in 'n afgeleë uithoek in die Noord-Kaap in Suid-Afrika. Oppervlakttoetsing sal in die Verenigde Koninkryk plaasvind en as alles in orde is, beplan die span om in Oktober 2016 na Hakskeenpan te vertrek.

3.3 Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
Verenigde Koninkryk	GBP	15.66	16.39

3.3.1 'n Bloodhound-spanlid het £1 300,00.

Bereken die bedrag in rand wat hy vir sy £1 300,00 sal kry. (4)

3.3.2 'n Britse toeris betaal R550,00 vir 'n Bloodhound-T-hemp.

Bereken die bedrag in pond wat die toeris vir die Bloodhound-T-hemp sal betaal. (4)

3.3.3 Bespreek, met inagneming van die wisselkoers, die koopkrag van die Britse span in Suid-Afrika. (4)

**FEB-MAART 2017 NSS
VRAAG 3**

3.1 Bestudeer die tekenprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



3.1.1 In die tekenprent hierbo, verduidelik wat die kunstenaar met betrekking tot die waarde van die rand te kenne wil gee. (2)

3.1.2 Bespreek EEN manier waarop die waarde van die rand die Amerikaanse toeris tydens haar besoek aan Suid-Afrika bevoordeel het. (2)

3.2 Bestudeer die valutakoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
Verenigde State van Amerika	USD	15.90	16.50
Groot-Brittanje	GBP	23.57	23.95

3.2.1 'n Britse toeris het 2 800,00 GBP en wil die GBP vir ZAR ruil vir 'n vakansie in Suid-Afrika. Met sy aankoms by die OR Tambo Internasionale Lughawe besoek die toeris die buitelandsevaluta-verhandelingsburo om die geld te ruil.
Bereken hoeveel die toeris in rand sal ontvang. (4)

3.2.2 Pume, 'n Suid-Afrikaner, woon 'n konferensie in die Verenigde State van Amerika by. Haar maatskappy het haar R15 500,00 vir enige ekstra uitgawes gegee. Sy gaan na 'n buitelandsevaluta-verhandelingsburo om hierdie geld op 'n voorafgelaaide buitelandsevaluta-debietkaart te laai.
Bereken hoeveel sy in VS-dollar op die voorafgelaaide kaart sal ontvang. (4)

FEB-MAART 2018 NSS
VRAAG 3

Bestudeer die inligting en die forex-tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Suid-Afrikaanse universiteitskoor is uitgenooi om by 'n internasionale musiekfees wat in Londen (VK) gehou word, op te tree.
 Die koorlede het elk R610,00 sakgeld ontvang.

WISSELKOERSE			
LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
Verenigde Koninkryk	GBP	16.09	17.18
Verenigde State van Amerika	USD	14.31	14.45

- 3.1 Bereken die bedrag in pond wat elke student ontvang het toe hulle R610,00 by die buitelandsevaluta-verhandelingskantoor op die OR Tambo Internasionale Lughawe verruil het.

LET WEL: Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
 Toon AL die stappe van jou berekening.

(4)

- 3.2 Met hulle aankoms in Suid-Afrika het een van die koorlede £26,35 by die buitelandsevaluta-verhandelingskantoor op die OR Tambo Internasionale Lughawe verruil.

Bereken die bedrag in rand wat hy ontvang het.

LET WEL: Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
 Toon AL die stappe van jou berekening.

(4)

- 3.3 Maak 'n lys van SES faktore wat 'n uitwerking op verhandelingskoersskommelings in Suid-Afrika kan hê.

(6)

MEI-JUNIE 2018 NSS
VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer die prent en die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

FOOITJIES ('TIPS')

'n Internasionale besoeker het 'n foonitjie vir die kelner op die tafel in 'n restaurant in Suid-Afrika gelos.



LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
Verenigde Koninkryk	GBP	16.00	16.06
Europese lande	EUR	13.60	13.70

- 3.1.1 Identifiseer die valuta wat vir die kelner op die tafel gelos is. (1)
- 3.1.2 (a) Tel die totale waarde van die buitelandsevaluta-note en -kleingeld wat op die tafel gelos is, bymekaar. (1)
- (b) Bereken hoeveel die kelner in rand kan verwag wanneer die eienaar van die restaurant die valuta namens hom/haar omruil. (3)
- 3.2 'n Britse toeris het 27 Britse pond vir die kelner op die tafel gelos.
- 3.2.1 Bereken die bedrag wat die kelner in rand ontvang het.
- Toon ALLE berekeninge en rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. (3)
- 3.2.2 (a) Vergelyk die twee scenario's hierbo ten opsigte van die waarde van die foonitjies wat die kelner ontvang het. (2)
- (b) Verduidelik hoe die foonitjies ('tips') wat die kelner ontvang het, tot die vermenigvuldigereffek in die nabygeleë gemeenskap kan bydra. (2)

**MEI-JUNIE 2019 NSS
VRAAG 3**

3.1 Gebruik die wisselkoerstabel hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.

WISSELKOERSTABEL		
GELDEENHEID	BAK	BVK
Pond Sterling (GBP)	18.02	18.10

Met hulle aankoms in Suid-Afrika, het Gareth en sy ma GBP4000 vir Suid-Afrikaanse rand geruil.

Bereken hoeveel hulle in rand ontvang het. Rond jou antwoord tot TWEE desimale af. (3)

3.2 Gareth en sy ma het teen die einde van hulle reis ZAR2000 oorgehad en het die geld vir GBP op OR Tambo Internasionale Lughawe geruil voordat hulle vir hulle vlug terug na die VK aan boord gegaan het.

Bereken die bedrag wat hulle in GBP ontvang het. Rond jou antwoord tot TWEE desimale af. (3)

3.3 Noem EEN reisdokument wat Gareth se ma moes toon voordat sy valuta kon ruil. (1)

**SEPT 2014 EC
VRAAG 3**

Lees die gevallestudie deeglik deur om die onderstaande vrae te beantwoord. Toon alle berekeninge.

Mnr. Dlamini sal R25 000 sakgeld vir die reis saamneem (soos verwys in die leesstuk by VRAAG 2.1). Sy maatskappy het vooraf die vlugte en akkommodasie betaal. Mnr. Langdon sal R15 000 sakgeld saamneem. Wisselkoerse is soos volg:		
GELDEENHEID	BAK	BVK
VSA dollar (USD \$)	9,73	10,05
Argentynse peso (ARS \$)	1,69	1,72

- 3.1 Voor sy vertrek wissel mnr. Dlamini R10 000 vir Argentynse peso.
 - 3.1.1 Gebruik die *bureau de change* die Bankaankoopkoers (BAK), of die Bankverkoopkoers (BVK) om sy rande te wissel? (1)
 - 3.1.2 Bereken hoeveel Argentynse peso hy vir sy R10 000 sal ontvang. (3)
- 3.2 Mnr. Dlamini wissel die oorblywende R15 000 van sy geld vir VSA dollars.
 - 3.2.1 Bereken hoeveel VSA dollars hy vir sy R15 000 sal ontvang. (3)
 - 3.2.2 Met sy terugkoms het mnr. Dlamini USD \$100 oor wat hy graag vir ZAR wil wissel. Bereken hoeveel hy in ZAR sal ontvang. (3)

**SEPT 2015 EC
VRAAG 3**

Voor hul vertrek sal dr. Adams (verwys na die uittreksel in VRAAG 2) ZAR 50 000,00 wissel vir die vakansie. ZAR 15 000,00 sal vir GBP gewissel word en die res vir euros. Vlug- en akkommodasiekoste in Parys sal voor hul vertrek elektronies betaal word.

Die wisselkoerse is soos volg:

GELDEENHEID	BAK/BKK	BVK
Britse Sterling (GBP £)	17,44	18,18
Euro (EUR €)	14,39	15,00

- 3.1 Adviseer dr. Adams oor die beste plek waar hy voor sy vertrek, sy ZAR vir buitelandse valuta kan wissel. (2)
- 3.2 Bereken die bedrag wat die paartjie sal ontvang wanneer hulle hul ZAR wissel vir:
 - 3.2.1 GBP (3)
 - 3.2.2 Euros (3)
- 3.3 Met hul terugkeer het dr. Adams €15 oor. Hy wissel die bedrag vir rand. Bereken hoeveel hy in ZAR sal ontvang. (3)

SEPT 2016 EC
VRAAG 3

- 3.1 Mnr en Mev Mahoney van Oos-Londen gaan gedurende die Junie-vakansie Italië toe en daarna na die VSA. Die egpaar het R15 000 om op elke deel van hulle toer te spandeer. Met hulle terugkeer van die VSA het hulle USD 150 van hulle sakgeld oor.

Land	Geldeenheid	Bankaankoopkoers	Bankverkoopkoers
Italië	Euro	16,05	16,65
VSA	USD	14,83	15,19

[Bron: www.absa.co.za]

- 3.1.1 (a) Gee aan die egpaar raad oor EEN plek waarheen hulle kan gaan om hulle ZAR vir buitelandse-valuta voor hulle vertrek om te ruil. (2)
- (b) Bereken die hoeveelheid buitelandse-valuta wat Mnr en Mev Mahoney vir hulle toer na Italië sal ontvang. Toon alle berekeninge. (3)
- 3.1.2 Met hulle terugkeer huistoe, het die egpaar USD 150 van hulle sakgeld oor. Bereken hoeveel ZAR hulle sal ontvang. Toon alle berekeninge. (3)
- 3.1.3 Bepaal watter vakansiebestemming die beste waarde aan Mnr en Mev Mahoney vir hulle sakgeld gegee het. Motiveer jou antwoord. (2)
- 3.1.4 Verduidelik hoe Mnr en Mev Mahoney se besoek 'n bydrae kon lewer aan die ekonomiese toestande van hul bestemmings. (2 x 2) (4)
- 3.2 Bestudeer die onderstaande tabel:

Wisselkoers: Suid-Afrikaanse Rand (ZAR) tot 1 VS Dollar (USD)	
Desember 2013	10,50
Desember 2014	11,50
Desember 2015	15,63

Skryf 'n paragraaf waarin jy die effek van die afwaartse neiging van die ZAR in verhouding tot die VS Dollar bespreek met betrekking tot:

- Inkomende toerisme van die VSA (2 x 2)
- Suid-Afrikaanse uitgaande toerisme na die VSA (1 x 2) (6)

SEPT 2017 EC
VRAAG 3

3.1 Bestudeer die *wisselkoerstabel* hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Land	Geldeenheidkode	BAK	BVK
Brittanje	GBP	18,63	19,34
Europese lande	EUR	15,53	16,11
VSA	USD	14,14	14,46

- 3.1.1 'n Suid-Afrikaanse besigheidstoeris besoek die VSA. Hy het ZAR15 000 sakgeld. Bereken hoeveel USD hy sal ontvang. (3)
- 3.1.2 'n Afgetrede Suid-Afrikaanse paartjie beplan om hulle familie in Londen te besoek. Hulle het ZAR25 000 wat hulle vir sakgeld wil omruil.
- (a) Bereken hoeveel van die plaaslike geldeenheid hulle sal ontvang. (3)
- (b) Met hulle terugkeer het hulle nog sakgeld oor. Bereken hoeveel ZAR hulle sal ontvang as hulle £20 wissel. (3)
- (c) Identifiseer die geldeenheid waarvoor hulle hulle ZAR sou moes omruil, indien hulle familie in Frankryk gebly het. (1)
- 3.2 Bespreek die effek van 'n swak rand op beide inkomende en uitgaande toerisme in 'n paragraaf. (2 x 2) (4)
- 3.3 Verduidelik, in 'n paragraaf, die begrip vermenigvuldigereffek en hoe dit die toerismebedryf van 'n land kan bevorder. (2 x 2) (4)

SEPT 2018 EC
VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer die onderstaande wisselkoerstabel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Land	Geldeenheidkode	BAK	BVK
Verenigde State van Amerika	USD	12,52	12,85
Groot Brittanje	GBP	16,62	17,32

- 3.1.1 'n Toeris van Londen, Engeland het 1 750 GBP en wil dit met haar aankoms in Suid-Afrika omruil vir ZAR vir haar vakansie. Bereken hoeveel Rand die toeris sal ontvang.

LET WEL: Rond die antwoorde tot TWEE desimale plekke af.
Toon AL die stappe van jou berekening. (3)

- 3.1.2 Sipho, 'n besigheidsman van Mdantsane naby Oos-Londen, reis na 'n vergadering in New York, VSA. Hy het ZAR 22 510 sakgeld.

(a) Sipho is gewaarsku dat wisselkoerse op 'n daaglikse basis skommel en dat hy eers navorsing moet doen voordat hy sy ZAR wissel. Verduidelik die begrip skommeling met verwysing na wisselkoerse. (2)

(b) Bereken hoeveel hy in USD sal ontvang wanneer hy sy ZAR wissel.

LET WEL: Rond die antwoorde tot TWEE desimale plekke af.
Toon AL die stappe van jou berekening. (3)

(c) Met sy terugkeer het Siphho 250 USD oor. Bereken hoeveel hy in Rand sal ontvang as hy die USD wissel.

LET WEL: Rond die antwoorde tot TWEE desimale plekke af.
Toon AL die stappe van jou berekening. (3)

3.2 Bestudeer die strokiesprent en beantwoord die onderstaande vrae wat volg.

SUID-AFRIKAANSE RAND VERSTERK!!



*Swak Dollar

In 'n paragraaf bespreek die impak wat 'n sterk rand op die onderstaande kan hê:

- Toeriste van die Verenigde State van Amerika wat beplan om Suid-Afrika te besoek
- Suid-Afrikaanse uitgaande toeriste
- Suid-Afrikaanse binnelandse toeriste

(6)

SEPT 2019 EC
VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer die onderstaande inligting en wisselkoerstabel en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr. Dlepu van King William's Town gaan op 'n besigheidreis na Engeland en Frankryk. Hy gaan R20 000,00 vir sy besoek aan Engeland en R15 500,00 vir sy besoek aan Frankryk wissel.

Toerismestreek	Geldeenheid-kode	BAK	BVK
Verenigde Koninkryk	GBP	17,66	18,36
Europese lande	EUR	15,88	16,47

- 3.1.1 Bereken die bedrag in pond wat mnr. Dlepu sal ontvang as hy R20 000,00 vir sy reis na Engeland wissel.
LET WEL: Rond die antwoorde tot TWEE desimale plekke af. Toon AL die stappe van jou berekening. (3)
- 3.1.2 Bereken die hoeveelheid buitelandse valuta wat mnr. Dlepu tot sy beskikking in Frankryk sal hê nadat hy R15 500,00 gewissel het.
LET WEL: Rond die antwoorde tot TWEE desimale plekke af. Toon AL die stappe van jou berekening. (3)
- 3.1.3 Met sy terugkeer het mnr. Dlepu €25 oor om vir rand te wissel. Bereken die bedrag wat hy sal ontvang.
LET WEL: Rond die antwoorde tot TWEE desimale plekke af. Toon AL die stappe van jou berekening. (3)
- 3.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae.

Wisselkoers: ZAR na Euro	
Desember 2016	14,44
Desember 2017	14,77
Desember 2018	16,27

- 3.2.1 (a) Identifiseer die jaar wat die rand die swakste in verhouding tot die euro was. (1)
- (b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.2.1 (a). (2)
- 3.2.2 Verwys na jou antwoord op VRAAG 3.2.1 (a) en bespreek die effek wat die neiging op inkomende toerisme van Europese lande na Suid-Afrika kon hê. (4)